

Daar is nie spekulasié oor en daar is nie hoorsê oor en daar is nie afwesigheid van getuies oor hoekom 32 Bataljon ingegaan het nie. Kaptein Hermansen sê nie ek het by Piet of Jan of Gert gehoor dat iets gebeur het nie. Hy sê: "Ek het geweervuur gehoor en ek het toe besluit in my hoedanigheid om mense te stuur om te gaan kyk."

Nou hoekom sal hy so iets doen? Ek het gaan kyk na die regulasies wat met die onrusgebiede werk en dit lees almal basies dieselfde, ek het byvoorbeeld gekyk na regulasie 2062 van 24 Augustus 1990, om te kyk hoekom sal kaptein Hermansen (10) dan so iets doen en u weet wat sê daardie regulasie?

VOORSITTER: Regulasie wat?

MNR. ROUX: 2062, dit is die Staatskoerant nommer 12722. Dit is maar waar sekere gebiede, waaronder ingesluit is die gebied, as 'n onrusgebied verklaar is en die regulasies van die optrede daaromtrent. Ek kyk na nr. 2 wat handel met die, ek sal dit in Engels lees, die "maintenance of order", wat die hele doel daaragter is en hy sê:

"Whenever a member of a security force is of the opinion that the presence of conduct of any person or persons at (20) any place in an unrest area contributes, or may contribute to public disturbance, disorder or riot, or public violence, or endangers or may endanger the maintenance or restoration of public order ..."

dan moet hy sekere dinge doen en dit is presies, u weet, Phola Park is 'n kookpot, maar ons moet een ding nie vergeet nie. Ek dink daar is baie wonderlike mense in Phola Park wat maar net dood eenvoudig te arm is om op 'n ander plek te bly, wat maar net dood eenvoudig graag 'n dak oor sy kop wil hê en wat maar net dood eenvoudig by die werk wil uitkom en sy deel wil (30)

doen /...

doen.

Ek het geluister na mnr. Msimango toe hy begin het en ek gaan vir u op die ou end sê u moenie na die spesifieke gevalle kyk waарoor hy getuig het nie, weens sekere dinge wat daar gebeur het en sekere redes wat gegee is, wat ek dink was reg. Maar een ding staan wonderlik daar uit, dat daar moet sulke mense wees wat maar net vandag wil werk toe gaan, vanaand wil teruggaan, kos wil eet, binne gesinsverband wil wees en mōre wil terug werk toe gaan.

Ek verstaan daar is omtrent 24 000 mense. Ek glo werklik (10) en ek dink as 'n mens mens se ore oop hou, dat daar duisende, die groot meerderheid, is wat werklik net dit wil doen, wat werklik nie wil sê die Nasionale Party is goed, die ANC is goed, die PAC is goed, die AWB is goed, wat dit ookal met hulle te doen het. Hulle sê, al wat ons vra is vrede, los ons net uit dat ons kan gaan. Ek dink dat as die meerderheid mense gevra word, antwoord hulle die vraag so.

Ek het gehoor en dit is 'n punt wat vir my bietjie gepla het, ek het gehoor in 'n ander verband wat sê as 'n persoon standerd 2 tot 5 het, wat kan jy hom leer. Ek het nog nooit (20) gesien dat skoolopleiding jou slim maak nie. Dit maak jou miskien 'n meer opgevoede persoon in sekere intellektuele rigtings, maar jy kry briljante persone wat nooit die voorreg gehad het van 'n skool nie, wat vir jou binne drie minute gaan laat besef dat jy moet pasop, jy praat nie nou met 'n bobbejaan nie. Hy weet presies en hy het die insig. Hy het miskien nie die geleentheid gehad, vir watter rede ookal, om daardie insig uit te bou na intellektuele kennis nie en dit is wat ek vir u wil sê. Ons vergeet so maklik van daardie klomp wonderlike mense wat daar sit. Nou word daar geskiet, en ek kan dink, as (30)

ek met my vrou en kinders sit en daar word om my geskiet, wat sal ek vra? Ek sal vra stop dit net asseblief, moenie om my skiet nie en hierdie argument sny al twee kante toe en ek gaan later daarby kom, maar stop net, asseblief.

Sien nou die weermagopset daar. Daar hoor jy die skietery, gaan kyk wat se skietery is dit, gaan stop die skietery. Gaan stel ondersoek in. Vir twee jaar gaan dit nou al so aan. Dit is nie, 32 Bataljon het nie op 7 April begin om te opereer in Tokozagebied nie, hulle is al baie lankal daar en die getuienis staan vas dat, reg of verkeerd, daar is gereeld 'n (10) skietery in Phola Park. Ek sê reg of verkeerd, ek dink dit is verkeerd. Ek gee nie om wie skiet nie, skietery is iets wat u Komitee moet keer en probeer bekamp, want mense kry seer wat nie moet seerkry nie. En wat sê daardie regulasie moet hulle doen? Hulle moet gaan kyk.

Nou gaan hulle in en hulle gaan kyk en dan word daar op hulle geskiet. Ons gaan netnou by die vraag kom oor die terugskiet, want die terugskiet, sê ek, is 'n vraag wat by u tweede vraag beantwoord moet word, val dit en vorm dit deel van "misconduct". Maar die eerste vraag wat u opgelê is, hoekom (20) het hulle ingegaan. Daar is direkte getuienis hoekom hulle ingegaan het.

Greyvenstein kan nie sê hoekom hulle ingegaan het nie. Weet u wat sou Greyvenstein gesê het, op die kritiek van my geleerde vriend? Hy sal sê: "Ek het ingegaan omdat kaptein Hermansen vir my gesê het ek moet ingaan." Dit is wat hy vir u behoor te sê. Hermansen sê hoekom hy hulle ingestuur het. So daar word u vraag beantwoord. Daar is niks moeilik daar nie.

Dan kom ons by die tweede vraag, en daardie tweede vraag (30)

is /...

is die "misconduct". Ek gebruik die Engelse woord, want ek dink hy is makliker gepas daarso en ons het hom so baie gebruik. Wat is die aard en die omvang daar? Dit is natuurlik nou hier waar die danse na alle kante toe begin het. 32 na die eenkant sit stil en hy wag dat die ander kant kom sê wat sê julle het ons gedoen en die ander kant sit stil en julle sê laat 32 inkom en dan gaan ons hulle van diékant af aanval. En hier sit ons nou in 'n staakvuur situasie, miskien te laat, die staakvuur dink ek moes baie vroeër gewees het, maar ons sit in 'n staakvuuroperasie en al wat u Komitee doen, is u probeer sê (10) mense, bring getuies, bring julle mense. Wil julle nie getuies roep nie en die een sê nee en die ander een sê nee.

So wat moet nou bevind word, en dan gebeur daar iets. Daar gebeur iets in die vorm wat ons kan noem die konsessiedo-kument. Daar gebeur iets wat dit vir u maklik maak en vir u sê daar was hardhandigheid. Dit sê nie vir u dat daardie hard-handigheid was gelyk aan moord, gelyk aan verkragting, was gelyk aan onregverdigheid, was gelyk aan aanranding met die opset nie. Dit sê vir u daar was hardhandigheid.

Nou waar pas daardie hardhandigheid in, en is dit 'n (20) bewering of 'n toegewing gemaak uit die lug gegryp? Ras kom en hy kom vir u help. Hy sê dit is nie uit die lug gegryp nie. Hy sê: "Ek kan nie oor alles getuig nie" en dit is heeltemal reg in die opsomming van sy getuienis. Ek het 'n tyd spandeer waar ek miskien nie so lank moes spandeer het nie. Dit sê hy. Hy sê maar ek weet van drie insidente en as mens daardie drie insidente ontleed, dan is dit hardhandigheid.

Natuurlik is dit so dat daar omstandighede is, daar is provokasie, daar is mense wat nou net in 'n skietgeveg betrokke was, die adrenalien loop hoog. Daar is mense wat verdag (30)

voorkom, daar is oorreaksie. Al daardie dinge is so, maar dit is so ver soos Ras dit vat, wat vir u kan bring na 'n bevinding dat daar wel hardhandigheid was.

Hermansen sê ek kan vir u help op 'n hoorsê basis, ek het 'n ondersoek gedoen en ek kon ook tekens vind en ek maak 'n afleiding van hardhandigheid.

Nou moet ons iets kry wat dit in konteks gaan plaas. Wat 32 kan doen, is hy kan mense roep wat hardhandig opgetree het dat hulle gekruisvra word en dan kan hy sê ja goed, die graad van hardhandigheid was 10 op die skaal, of 8, of 7 of 6. Of (10) die ander kant kan mense roep en sê maar ha-ha, hierdie was nie net hardhandigheid nie, dit was heelwat meer. Hoor asseblief hierdie getuie en hoor wat hy sê. Dit het nie gebeur nie, dit het nie van een van die kante gebeur nie. So wat voor u is, is hardhandige optrede. Wat sal die aard van die optrede van 32 Bataljon wees, dat daar hardhandigheid was.

Moet u, soos u sit in hierdie hoedanigheid, moet u daardie hardhandigheid verder ondersoek. Weet u wat kan u daaroor doen? Die korrekte antwoord gee. Stuur dit na die instansie wat dit moet ondersoek. Ek stem daarmee saam. Laat die (20) geregshowe dit verder neem en dit gaan toets en gaan kyk wat is dit. Dit mag wees dat daar volle regverdiging was, dit mag wees dat daar nie volle regverdiging was nie, maar u kan nie aan die een kant sit en sê ek is 'n Komitee, en aan die ander kant sê ek is nou die hof nie. So u kan die tweede vraag met groot gemak beantwoord. U het nie 'n probleem daaroor om te sê dat u bevind dat daar hardhandige optrede was, en dat daar inderdaad so 'n dokument na vore gekom het en u kan dit so gebruik, en dat dit ongelukkig is dat die partye nie verdere samewerking wou gee deur getuienis aan te bied daaroor nie. (30)

Daar is die twee vrae geantwoord.

Dan bly daar een vraag oor, en dit is wat nou van 32 Bataljon, en hoe moet hy inpas in 'n gebied wat ons weet is baie sensitief op hierdie oomblik. U as Komitee hoef nie oë toe te maak vir wat die naweek gebeur het nie. U moet nie ophou nuus luister nie. U moenie ophou kennis neem van gebeure om u nie, mits u maar tevrede is dat u dit wat u hoor met veiligheid kan aanvaar.

Die situasie daar, is ons moet 'n opsomming maak hier van 32, die gepastheid van 32, maar belangriker, wat ons so maklik (10) uitlos, die gepastheid van 32 in die omgewing van 'n Phola Park. Ek dink dat in 'n baie vredeliewende, pragtige buurt, waar niemand kwaad doen vir 'n ander nie, as daar so 'n buurt is, kan jy enigeen daar sit. Jy kan die mens wat die lusste vir skiet daar sit en die mens wat die minste lus is vir skiet daar sit, dit gaan nie 'n verskil maak nie, want daar gaan nie provokasie wees nie, daar gaan nie omstandighede wees nie.

Maar kom ons kyk na Phola Park. Wat is Phola Park? Ek het reeds vir u gesê dat ek dink daar is baie pragtige mense daar, en daar moet wees. Ervaring wys dit. Maar daar is 'n (20) groep wat nie tevrede is nie. Ek sê nie dat hy nie tevrede is omdat hy verkeerd is daarmee nie. Ek sê nie dat hy nie tevrede is omdat hy reg is daarmee nie. Ek weet nie. Die feit is, daar is mense wat nie tevrede is nie en dat daardie mense wat nie tevrede is nie, sien die oplossing van hulle ontevredenheid in die aanwending van geweld. Daardie groep bestaan daar. Of dit reg, en of verkeerd is, is nie die vraag nie. Daar is geweld in Phola Park. Daar is getuenis dat daar gereeld geweervuur afgevuur word. Dit is iets wat onrusbarend is.

Dan is daar 'n tweede ding in Phola Park. In Phola Park (30)

is /...

is daar ook 'n kriminele element en maak nie saak watter deel van die bevolking daar sou bly nie, maar as 24 000 mense in daardie omstandighede opmekaar gedruk bly met sosiale probleme, dan skep dit, dit is teelaarde vir kriminele aktiwiteite, wie jy ookal is. Dit is so maklik om daarin betrokke te raak. So ons sit met 'n kruitvat, 'n sensitiewe Phola Park, waar daar nou so ver gegaan is om hom te omhein, hom deur te soek. Ek neem aan ek is nie betrokke daarby nie en hoop dat dit is om die kriminele element uit te haal, om aan die mense daarso beskerming te gee. Ek glo dit behoort die doel te wees. (10)

Nou wie stuur mens daar in? Wie stuur mens in vir die breë publiek? Want u weet, ons het een keer gepraat in hierdie verrigtinge oor die rol van die breë publiek en ek het vir u gesê, ek dink dit was Parken se saak, dat individu se regte gaan altyd aangetas word in baie opsigte. Ek wil graag partykeer iets doen, maar die breë publiek sal my nie toelaat om te doen nie, want alhoewel dit vir my 'n reg is, gaan dit inbreuk maak op die regte van die breë publiek en die oomblik as jy begin met 'n regte opweging, dan moet jy kyk na die breë publiek se regte en moet die individu se regte ongelukkig die knie buig. (20)

Ek dink nie iemand kan met my stry as ek vra wie is die breë publiek nie, en nou moet ons nie in 'n slaggat trap nie. Die breë publiek is nie Phola Park nie. Die breë publiek is die meerderheid van die inwoners van Phola Park. Dit is wat die breë publiek in hierdie konsep is, maar Phola Park bestaan uit 'n diversiteit van mense. Hy bestaan uit vredeliewende mense, hy bestaan uit kriminele en hy bestaan uit aktiviste. En u sal sien, ek spreek my nie uit as ek sê aktiviste oor reg of verkeerd nie. Ons is nie hier in politieke toesprake nie, (30)

u is nie hier om politieke bevindings uit te bring nie. Ons het nie sulke getuienis nie en dit is taboe verder. En dat gewone, gesonde logika, en ek het dit reeds vir u gesê, weet dat die meerderheid van mense vorm deel van die gewone breë publiek.

Nou wat gaan gebeur met 32? Kom ons kyk na die opsies wat u oor het. Ek het geweet van die SDU. Ek weet tot vandag toe nie wat is hulle opleiding nie, ek weet vandag nie wat hulle politieke voorkeure is nie, maar ek weet een ding, dat die SDU op die waarskynlikhede, kan nie Phola Park beheer nie. (10)

Dan kyk ons na die polisie. Wat sê die polisie gebeur in Phola Park? Hulle sê as hulle twee, of drie of vier is, dan word hulle geskiet. Hulle is nie angstig om daar in te gaan nie. Dit is wat sersant Olivier gee.

Daarom klink dit vir my, was die idee onderliggend in die verlede, bring iemand verder in om addisioneel 'n rol te vervul en om te help, en dit wys ook waarom die staatskoerant uitgekom het en gesê het mense, kom ons probeer, hoe ookal, want dit is 'n moeilike vraag in ons land op die oomblik, kom ons probeer die geweld net af te kry. Af te kry, dat ons die pad verder (20) loop.

Toe is die weermag ingebring en as deel van die weermag inbring, is daar 'n deel van 32 Bataljon. U moet nie verstaan dat net 32 Bataljon ingekom het nie, want dit is wat majoor Van Eeden in samewerking met Frey gesê het, dat die 32 vorm 'n deel van 'n groter groep van 41, die 41-groep. So dit is nie 'n kwessie dat hier nou 'n klomp Angolese en 'n klomp Namibiërs op die grense gevang is, uniforms aangetrek is en hier kom neergesit is nie. Daardie persepsie moet ons versigtig voor wees. As dit so was, dan was dit iets verskrikliks, want dan (30)

kan /...

kan ek vir u sê wat sou gebeur het. Dan, die eerste dag as daar 'n skoot geskiet het, het hulle vir Phola Park skoongemaak. Skoongemaak in die opsig dat hulle voor die voet sou geskiet het. Maar wat ons hier het, is soldate wat in murg en been sekerlik konvensionele soldate was. Maar soldate wat nie teen burgerlikes baklei het nie, wat teen ander soldate baklei het. Om 'n regte doel of 'n verkeerde doel, is nie die vraag nie. Die punt wat ek aan u wil maak, dit was soldaat teen soldaat. Dit is hulle opleiding.

Nou word hulle weggeneem, maar word hulle dan van die (10) grens af gebring soos die idee partykeer bespiegel word, en word hulle dan neergesit in Phola Park? Nee, dit is nie wat gebeur het nie. Hulle word dan opgelei. Hulle word 'n opleiding gegee van burgerlike beveiliging en dan word hulle geplaas en as ons hier gehandel het met die heel eerste geval waar hulle geplaas is en daar was 'n skietery, dan moes die wenkbroue nog gelig het en gesê het julle het vir hulle te vinnig hiernatoe gebring, julle moes nog meer kursusse gegee het, julle moes vir hulle meer verduidelik het van burgerlike beskerming. (20)

Maar dit is twee jaar later. Dit is twee jaar later, en in daardie twee jaar loop 32 'n baie gesonde pad wat die vinger nie kan wys nie en in daardie twee jaar is hierdie nie die eerste skietincident teen hulle nie. Daar was baie geskiet op hulle, maar nog nooit het ons gehoor van die voorval van 8 April 1992 nie.

So, dit wys dat hierdie mense al ingeskarp is en as hulle na 'n twee maande tydperk onttrek word uit die gebied, wat vir my gesond klink om te keer dat die mense nie te betrokke raak, die soldate by die burgers betrokke raak, by die mense nie. (30)

Ek sê altyd dit sal wonderlik wees as mens 'n landdros elke twee maande in 'n ander dorp kan neersit, dat hy nie te gewoond raak aan die omstandighede, dat hy sy objektiwiteit kan behou. Dan word hulle teruggeneem, daar volg wat ons noem 'n "debriefing" periode en sê kyk, dit is probleme wat ons gehad het, pasop daarvoor, pasop daarvoor, pasop hiervoor. So dit is met die mag wat ons sit.

Nou kyk ons na daardie 32-mag. Hoe pas hy in in 'n behoefté? Hy is a-polities. Ek dink 'n geweldige groot behoefté daarvan vir 'n sekuriteitsmag wat a-polities moet wees. Hy (10) moenie voorkeure na die een of die ander kant toe hê nie.

B, hy is nie werklik betrokke nie. U weet, daar is bespiegel, maar as hy meer weet van die behoeftes van die mens, sal hulle beter bestaan. Ek sal vir u sê, as hulle meer weet van die behoeftes van die mense in hulle eie, in daardie situasie, dan mag dit net so wees dat hy oorval na die een of die ander verkeerde kant toe.

Maar hier het ons nie te doen met 'n polisieman wat op sy eie ondersoek gaan doen nie. Ons het te doen met 'n soldaat wat onder beheer optree. Hy word gesê, jy gaan nou in en jy (20) val daar en jy lê daar vir tien minute, en dan gaan doen hy dit. Dit is sy opleidingsituasie.

Die mense wat meer moet weet, is persone wat gesê word, en dit is die getuienis voor u, wat gesê word die room van die oes was. Wat gekies is by die Infanterieskool, dan word hulle, die room van die oes, na 32 gestuur en ek kan verstaan hoekom. Dit maak sin, want ons weet dat daar oorname van konvensionele oorlog na binnelandse beveiliging is, na beskerming van lede van die publiek was in 'n ander, totaal ander situasie. Dan word van daardie room weer die beste gekies om in 'n (30)

bevelstruktuur geplaas te word om daardie mense te hanteer.

Nou is dit geslaagd gewees, of ongeslaagd? Ons kan baie daaroor bespiegel. Die maklike toets is, vat die twee jaar periode, toets hulle rekord en antwoord dan die vraag. Maar ek vra, stop hom vir die oomblik, net voor 8 April, want ek gaan daarby uitkom. Dit wys op 'n 100 persent slaagsyfer. Dit wys, en ek is verstaan en u moet vir my reghelp as ek dit verkeerd sê, dat mense hulle voorkeure, mnr. Bucklander sy voorkeure uitgespreek het teenoor hul, dat mnr. Mhlambe se voorkeure uitgespreek het vir hulle. Dit wys dat dit 'n (10) geslaagde operasie was.

Dan kom 8 April en daar word gesê hierdie is 'n totale mislukking. As u bevind dat dit 'n totale mislukking was, dan moet hulle uit. Dan moet hulle heropgelei word, dit is so. Want dan is daar fout. Maar kan u bevind dat dit 'n mislukking was? Kom ons kyk wat is voor u oor 8 April te bevind dit was 'n mislukking. Wat is voor hierdie Komitee. Ek sny die hoorsê uit, ek gee vir u feite voor u.

Daar is voor die Komitee dat daar 'n skietery is, dat hulle inbeweeg het en dat hulle teruggeskiet het. Ons moet (20) versigtig wees, en ek gaan stilstaan by die terugskiet, ek was al in baie sake betrokke waar artikel 49 van die Strafproseswet ter sprake gekom het. Dit is waar iemand 'n eerste bylae misdaad pleeg. Dan het hy twee artikels. Die een sê jy kan die persoon skiet as hy besig is om te ontvlug, net solank dit redelik is. Die tweede een sê jy kan hom selfs doodskiet, maar dan moet dit darem werklik, werklik rede wees. Hy het 'n strenger toets.

Ek het soveel uitsprake gelees waar die persoon hardloop en hy hardloop waar daar drie mense is. Hy het 'n kar gesteel, (30)

of hy het 'n fiets gesteel, of hy het wat ookal gesteel of wat verkeerd gedoen, en hy skiet hom en hy skiet vir hom mis en hy skiet wat ons noem die "innocent by-stander" raak.

Daar is twee bekende sake in die 1987 Law Reports, in die hofverslae, van George en die ander een is van Prins en in daardie gevalle, in een geval moes die persoon wat geskiet het, betaal het, in die ander geval nie. Want dan moet jy 'n opweging van belang doen en daardie vraag is verspot maklik, ons hoef nie daaroor te debatteer nie. As daar 'n persoon weghardloop wat 'n fiets, of 'n kar of wat ookal gesteel het, (10) en hy hardloop tussen drie mense in, doen 'n opweging van belang, jy kan mos nou nie skiet as jy weet jy kan 'n onskuldige mens raakskiet nie. Laat hy liever wegkom en ons sal hom weer vang later.

Maar dit is nie die konsep waarmee ons werk nie. Ons werk hier met 'n totaal ander konsep, en daardie konsep is een van selfverdediging. U weet, ek het toe ek daaroor gedink het, het ek gedink aan Goliath se saak van toe hy nog hoofregter was, Rumpff, toe hy gesê het dat niemand is bedeel met daardie mate van "heroism" nie om ander te oorweeg waar *hysel*f in gevaar is (20) nie. As *jysel*f in die moeilikheid is, kyk jy net na *jouself*. En die reg laat dit toe, anderster as wat hier voor u betoog is.

Dan wil ek vir u sê dat as daar 'n persoon staan en hy staan langs 'n onskuldige persoon en daardie persoon is besig en hy gaan my doodskiet en ek skiet terug en ek mis vir hom en daar was nie 'n ander uitweg vir my nie en ek skiet daardie onskuldige man raak, dan sê die reg jy is nie 'n "hero" nie, ek gaan nie daardie strenge toets van belang-opweging vir jou gee nie. Waar die toets is, is 'n paar stappe vroeër, moenie (30)

dit verwarr en dit later sit wanneer jy skiet nie, is was jou lewe in gevaar.

Nou kom ons kyk na die geval, of die lewensgevaar daar was. Ons kan bespiegel, en ons kan honderd dinge daaroor sê, maar op die ou einde moet ons reageer op wat voor u is en voor u is Ras wat daar aankom. Greyvenstein hoef dit nie te sê nie, want Ras het ook daar aangekom. Hy was ook daar. Hy sê toe ons inkom, was daar van alle kante af met outomatiese vuur op ons geskiet.

Hulle is gelukkig soldate. Ek weet wat ek sou gedoen het. (10) Ek dink ek sou platter in die grond gelê het as wat sekere goggos dit kon regkry, want ek hou nie daarvan nie en ek sal banger as hulle wees. Maar dan skiet hy. Hoe lank moet jy daar lê voor jy op daardie teikens terugskiet? Hoe lank moet jy nou lê? Moet jy wag tot hulle jou raakgeskiet het en dan sê ek moes geskiet het, of is die toets dan op daardie oomblik is my lewe in gevaar en moet ek dit wat die gevaar veroorsaak, elimineer. Dit, sê ek vir u, is werklik die toets. Maak die besluit of jou lewe in gevaar is.

Daar is niks voor u wat aandui dat hulle lewe nie in (20) gevaar was nie. Daarom moet u bevind dat by versuim om weerleggende getuienis aan te bied, daar 'n lewensgevaarlike situasie was. Hoekom het hulle nie mense geroep wat kom sê het maar dit is nie so nie? Hulle het nie eers nodig gehad om af te klim nie, daar was nie so 'n skietery gewees nie, of daar is nie in daardie mate op hulle geskiet nie. Of hulle jok, hulle het agter sulke groot klipstapels gelê en hulle was 100 persent veilig. Daar is nie van alle kante op hulle gevuur nie. Daar is gevra na die vrae, wat sê julle daarvan, en hulle het gesê hulle het nie getuienis daaroor nie. (30)

Nou mag daar getuies wees wat seker dit kan sê. Dit is nie die toets nie. Voor u moet u die afleiding maak op die veilige feite, dat daar 'n lewensgevaarsituasie was.

Nou kom die tweede vraag. Die reaksie daarteen. Maar nou weet ons dat die reg vir ons sê, selfs al word 'n onskuldige getref, waar jy in selfverdediging optree, is dit 'n ander toets, want daar was lewensgevaar. Dit is Collive se saak, tog.

Maar nou moet ons meet, 200 skote. Moet jy 200 skote terugskiet? Nou sê ek, u moet daardie vraag antwoord wanneer (10) u die volgende vier feite oorweeg het:

A, outomatiese geweervuur van alle rigtings. Hoeveel skote, weet ons nie. Ons sal dit nooit weet wat op hulle geskiet is nie, daar is ook nie vir ons gesê nie. Ons weet van 27 doppies wat opgetel is, maar al twee partye wat met vuurwapens loop, is al twee opgelei om doppies op te tel. Ons weet nie hoeveel doppies is opgetel en deur wie nie. Daar was outomatiese geweervuur. Daar was 'n halfuur lank geskiet op enkelskoot. Dit gee vir ons met ander woorde matematis, en mens moet versigtig wees om te maklik somme te maak, maar dit (20) gee ongeveer drie skote per soldaat. Is dit die roekeloze geskiet? As dit roekeloze geskiet was, dan sou ons eerstens baie meer skote gewees het. U weet, om sewe skote af te trek per soldaat, is twee, drie sekondes. Daar is drie skote gemiddeld per soldaat oor 'n halfuur. Al die huise is nie getref nie.

Die tendens wys, en dan kyk ons na huis L251, daar is ses skote daarin. Wat sê dit vir u, hoekom is daar ses skote daar in? Dit sê daar moes iets buite daardie huis gewees het. Daar word nooit deur ons gesinspeel dat mnr. Mahlangu met 'n geweer (30)

rondgehardloop het en daarom is hy geskiet nie. Dit wys liewer dat hy die onderwerp was, of die ongelukkige lot was van die sogenaamde "innocent by-stander". Dit is waar hy tuis hoort, want daar is niks tot die teendeel nie, so u moet dit bevind. Maar dit wys daar was iets, dit wys daar was doelgerigte vuur.

So is die plekke wat geskiet is, is geïdentifiseerde teikens. Dit wys, dit gee krag aan luitenant Ras waar hy sê daar is gevuur na geïdentifiseerde teikens. So hierdie "wild fire" kan nie opgaan nie, want die objektiewe feite weerlê dit. Die eerste objektiewe feit synde drie skote per soldaat oor 'n (10) halfuur.

Die tweede objektiewe feit dat daar nie in elke "shack" 'n koeëlmerk is hier en daar nie, wat wys daar is net skote oopgetrek nie, maar dat dit geskiet is in patroon, duidelik aanduidend van geïdentifiseerde teiken. Mnr. Pitman het intendeel baie, baie goeie kruisondervraging daar uitgebring, toe hy luitenant Ras gevra het, maar is dit nie liewer aanduidend van iemand wat geskiet het na 'n bepaalde punt nie, en hy het gesê ja. So hulle het dit raakgesien. Dit is die tweede objektiewe feit. (20)

Dan, hoeveel mense in daardie kring, hoeveel mense is doodgeskiet? Ek kan nie sê wie hulle doodgeskiet het nie, dit is nie die plig van hierdie Komitee om dit te doen nie. Laat die gereghof dit gaan ondersoek en die bevinding uitbring.

Ek weet nie wanneer die tweede ongelukkige persoon doodgeskiet is nie. Ek het 'n foto gesien, hy is duidelik doodgeskiet, hy is duidelik in die bors geskiet. Ek weet nie presies waar hy was nie, duidelik in 'n huis. Dit mag daardie aand gewees het. Kom ons aanvaar dit vir die oomblik, want ons gaan nie oor 'n pertinente geval nie. Dan is daar in daar 'n (30)

klomp mense wat daar moes gebly het, twee geskiet. Wys dit na onbeheerde skietery? Nee. Die objektiewe feite wys weer daar is vir u die derde objektiewe feit wat wys dit was nie onbeheers nie.

Dit was die een kant. Kom ons kyk nou na die ander kant, die afvuur van die 200 skote, wat sê dit was onbeheersd? Wat sê dit was onnoodig, wat sê dit was rond en bont? 'n Maklike antwoord, niks sê dit nie. Daar is geen sodanige getuienis nie, daar is geen sodanige objektiewe feite nie. So u kan op die 200 skote baie maklik tot 'n bevinding kom, deur nie (10) meegesleur te word deur subjektiewe sienings nie, maar net na drie objektiewe feite te kyk en daaroor te bevind. Daarom sal ek sê dat dan die skietery moet nie deel vorm van die "misconduct" bevinding nie. U het reeds 'n bevinding wat u daaroor kan maak, dit is in u midde, u kan dit positief bevind in die vorm van die hardhandigheid, maar die skietery kan daarom nie deel vorm nie en die skietery het 'n tweede doel. Dit kan nie deel vorm van die motivering waarom 32 onttrek moet word nie.

Die tweede faktor wat ons na moet kyk, of wat sal gebeur (20) as 32 onttrek word. Wie gaan daar inbeweeg? Wie gaan die veiligheid van daardie goeie, wonderlike mense waarborg? U weet, ek kan my goed indink as daar 'n mag daar gesit is wat vir my gesê is is goed opgelei, is a-polities en is teenwoordig, en hulle onttrek en daar word 'n klomp mense vermoor, dan kan ek dink dat as mens lank en aandagtig gaan sit, kan mens nogal 'n regsgelig identifiseer en 'n versuim om daaraan te voldoen. Sê maar julle weet mos daar is moeilikheid in Phola Park. Almal weet dit. Julle weet mos dat onskuldige mense die teiken van daardie moeilikheid gaan wees. Hoekom vat julle die (30)

magte weg? Hoekom vat julle vir 32 weg?

Dan kan mens sê maar goed, sit iemand anders in. Die polisie was daar in. Hulle bekla hulle oor die probleme wat hulle daar het. Die weermag, buite 32, sit hulle daar. Dan is ons terug by die oer-oue politieke probleem, waar Price Mhlambu duidelik getuig het dat dit is nie wat hulle wil hê nie. Hulle is tevrede met die 32 hantering van die ding.

Nou is ek terug by daardie aand. Wat is dan die ander optrede van 32 wat vir u sal sê vat hulle weg daar? Die koeëls was die eerste een wat ek mee gehandel het. Die enigste ander een kan wees die "misconduct". Dit is die enigste ander een van die aand van 8 April. Maak dit 8 tot 9 April, dit maak tog nie saak nie. Nou vra ek u, wat is voor u van daardie "misconduct"?

Kom ons doen dit objektief weer. Daar is voor u 'n toegewing van hardhandigheid, daar is voor u 'n mate van verduideliking hoe hardhandigheid plaasgevind het. Dit wil sê waar 'n persoon wil weghardloop, is hy onnodig geduik, 'n persoon is holrug teen 'n muur gegooi en daar is voor u 'n objektiewe afleiding dat dit geskied het direk na 'n konfrontasie. Dit is wat voor u is.

Die geheime getuie, wat u vir ons 'n volledige relaas gegee het, vat dit nie verder nie. Sally Seally is reeds uitgebalanseer deur die ander hoorsê, Hermansen. Daar is nie ander getuies wat vorentoe gekom het nie. Ons het gehoop vir objektiewe mediese feite wat verbind word, kousaal verbind word met daardie aand en gepleeg deur 32 Bataljon. Dit het nie vorentoe gekom nie, toe die dokumente uitgesif is, die pakkie word al hoe dunner, het daardie vraagstuk verdwyn. U Komitee wag nog steeds daarvoor. Dit is nie vir u gegee nie. Al (30)

"misconduct" /...

"misconduct", en ek wil dit nou weer bevestig, ek praat van twee kategorieë "misconduct". Die eerste bevinding was hardhandigheid. Die tweede "misconduct" wat 'n bevinding of 'n aanbeveling sal regverdig om hulle te onttrek en te sê word weer opgelei. Watter getuienis van daardie "misconduct" is daar? Daar is nie, want niemand wil iets gedoen het nie. Daar is nie voor u nie.

So as u nou sê hulle moet weer opgelei word, dan moet u ook sê in dieselfde asem, en dit is onbillik teenoor u, wat het hulle verkeerd gedoen, waar het hulle fout gegaan? U sê maar (10) hulle het verkrag, u kan dit nie sê nie, want dit is nie ver nie. Hulle het vermoor, u kan dit nie sê nie. Hulle het met pangas geslaan, u kan dit nie sê nie. Al daardie goed is nie voor u verder geplaas nie en u is maar net die ontleder van feite wat 'n eerlike aanbeveling moet maak en waарoor ek nie 'n probleem het nie.

So die partye moet die blaam dra, nie u nie. Die partye moet die blaam dra, een en almal, omdat daardie feite nie voor u geplaas is nie. En dit frustreer die werksaamhede van 'n Komitee, van 'n kommissie, as dit nie gebeur nie. En dit is (20) presies wat hier gebeur het, ons eindig in 'n frustrasie.

Nou vra hulle vir u, en dit is onbillik, beveel dat 32 onttrek word en dat hulle oor opgelei word. Wat het hulle verkeerd gedoen? Dit is die probleem. Nie wat dink ek het hulle verkeerd gedoen nie, wat word in die koerant gesê het hulle verkeerd gedoen nie, wat word hoorsê ... (onvoltooi) Ek nooi julle uit, sit getuienis voor my, wat is verkeerd gewees? Dit het nie gebeur nie. So ek sê dat u dit nie kan doen nie, u kan dit nie bevind nie, want daar is nie getuienis dat hulle buite opleiding opgetree het nie. (30)

Moet /...

Moet 'n persoon onttrek word omdat hy iemand geduik het in daardie omstandighede? Moet 'n persoon onttrek word omdat hy iemand teen 'n muur gedruk het in daardie omstandighede? Dit is nie genoeg nie.

U weet, as hulle onttrek word, terwyl dit vir twee jaar baie goed gegaan het en daar spekulasié is van een dag, een dag vol spekulasié opgeweeg teen twee jaar se uitstekende rekord, en daar word mense beseer, onskuldige mense beseer en u Komitee maak die aanbeveling dat hulle onttrek moet word, dan sal u die outeur wees van beserings. Dit is wat sal gebeur, tensy u (10) genoegsame feite gehad het om dit te regverdig. Maar as u nie genoegsame feite het nie, en ek wil dit beklemtoon, iets wat ek baie duidelik probeer in kry, ek lê geen skuld voor die Komitee nie, maar u is die orgaan wat sit en wag om te hoor en om te ondersoek wat voor u geplaas is en u was die orgaan wat getref is deur onwillige samewerking van baie kante af.

Nou moet ons ons nie daaroor bekla as u in 'n moeilike posisie is nie. Ons moet sê dat ons die auteurs daarvan was, een en almal. Daarom sê ek dat as u dit objektief ontleed en tot by 'n bevinding kom, kan u net drie dinge sê. U kan maklik (20) bevind vraag 1, waarom het hulle binnegegaan, in navolging van statutêre plig, ek het dit vir u uitgewys. Twee, was daar "misconduct"? Ja, in die vorm van hardhandigheid, aanbeveling ondersoek dit asseblief in die geregshowe en kyk wat kom daaruit. Daar mag ernstige goed uitkom en daar mag niks uitkom nie; en drie, moet 32 onttrek, ek het nie genoegsame feite om 'n onttrekking te regverdig nie en dit is wat ons u sal vra om aan die einde van die dag na aanleiding van objektiewe ontleeding van objektiewe feite te bevind. Dankie.

CHAIRMAN: It is 11:25 and the Committee will adjourn for 15 (30)

minutes for tea.

THE COMMITTEE ADJOURNS. THE COMMITTEE RESUMES.

CHAIRMAN: Right, we will move ahead full steam. Ons gaan voort. Sorry to keep you waiting for a few minutes, I hope it has given you enough time to think about what the other parties had been saying. Mnr. De Klerk?

MR PRETORIUS: Mr Chairman, may I just interpose? I beg my learned friend's pardon. This was just facts to me, it is an aid memoir that is given to every soldier that he has to keep in his pocket. Everybody has got a copy as to the legal (10) position that he is entitled, what to do and what not. But it is merely, it is very cryptic, it is not the lecture given. It is merely an aid, as it says. It is very, very cryptic.

CHAIRMAN: Have you given it to the other parties?

MR PRETORIUS: It has been handed out to everybody. Thank you.

CHAIRMAN: Thank you, Mr Pretorius. Mnr. De Klerk?

MNR. DE KLERK: Dankie, mnr. die Voorsitter. Die Minister van Wet en Orde en die Suid-Afrikaanse Polisie het nie veel betrok-kendheid by hierdie bepaalde aspek of hierdie ondersoek van die Komitee nie. Daar is net twee aspekte wat ek vinnig wil (20) aanraak.

Die eerste een is die ondersoekwerk deur sersant Hennie Olivier en die tweede een is die aanbeveling, of die voorstel dat die Komitee sekere aanbevelings aan die PG moet maak.

Die getuienis wat betref die ondersoekwerk, getuienis is voor die Komitee dat die klaers nie met die Suid-Afrikaanse Polisie wou saamwerk nie. Selfs het dit ook geblyk dat die klaers nie voor u Komitee wou kom getuig nie. Sersant Olivier het alle moontlike stappe gedoen wat hy kon om hierdie Komitee by te staan en ook om sy werk wat aan hom opgedra is, deeglik (30)

simply a sort of introduction for the Committee to summarize the events, but that document of Ms Seally had an attachment of some, I am instructed, 100 statements, solemn declarations, affidavits, call them what you will, which is corroborated also by evidence given in this Commission by Mr Msimango. Admittedly I understand that his evidence was not completed, but this is a witness who claimed that he was actually dealt with by members of the Battalion, who then subsequently left him there on his own and whether that evidence, whether the cross-examination of that gentleman was complete or not, I would (10) submit that that still is prima facie evidence which is not rebutted, but which is nonetheless before this Commission and so in regard to the question of evidence, I would just like to counter what my learned friend has suggested, that the concession standing on its own does not really place the Battalion on its guard, on its defence, so to speak. I submit there is abundant evidence to place the Battalion on its defence.

With regard to the question of why did the Battalion go into Phola Park that evening, I would like to make a point which is coupled, really, with the second question, was the (20) bounds of proper conduct exceeded.

The question of minimum violence has been much debated with witnesses, it has been argued in this Committee and I would like to alert the Committee to the document which we did hear about. I think it is the document which Major Van Eeden referred to, or Lieutenant Ras, aid memoir legal aspects. I would like to make a point which I believe the Committee should apply its mind to specifically, because it goes to the heart of this incident with regard to the shooting incident and that, if one looks at the conclusion on the second page, conclusion (30)

paragraph /...

paragraph a: "Never endanger the lives of innocent persons."

This accords with my understanding of the notion of the minimum violence concept which peace officers should apply to circumstances in which these peace officers found themselves on 8 April. I believe that that is a very salutary instruction, never endanger the lives of innocent persons.

I submit that when a peace officer is confronted with a dangerous situation and to neutralise that dangerous situation is going to just transfer the danger from himself to somebody else, then he is obliged to absorb that danger and I submit (10) that this instruction is in accordance with that proposition, that it was encumbered upon Lieutenant Greyvenstein to have extricated himself from that situation he found himself in, without calling in another 45 troops, all armed with 140 rounds of sharp point high velocity ammunition. There was a duty on Lieutenant Greyvenstein to comply with that instruction, in accordance with the doctrine of minimum violence of a peace officer and to have extricated himself to the well-known military method of providing covering fire, while half of the platoon moves backwards. That half then provides covering fire (20) while the forward half retreats and to have retreated. If they had sustained casualties, well that is the job of a peace officer to expose himself to danger in order to protect the innocent person from danger.

It is not sufficient, as has been argued by both Lieutenant Ras and Major Van Eeden to say no, once you are fired upon, then the reasonable man may fire back. These gentlemen, the troops in Battalion 32, whatever platoon it was, had a greater duty of care and that duty is summarised in the conclusion to this document, which says never endanger the (30)

lives /...

lives of innocent persons, because as a peace officer you must stand in line. Your safety counts for less than the safety of an innocent by-stander. That is a fundamental principle. I am quite sure that if you go into the doctrines of the police force, you will find that a policeman is required to expose himself to greater danger and absorb danger and remove it from innocent by-standers, even when his own life is in danger.

That is a principle which no concession has been made to. It is within the doctrine of this unit itself and there has been demonstrated a complete misunderstanding of that principle, because it must be a fundamental principle of civil society that a civil society appoints peace keepers. They are paid to do a dangerous job and they cannot say that when they are suddenly found in a dangerous situation, they can pass that danger on, so to speak, to the innocent by-stander, because that is exactly what happened on this evening. There was already a man injured on the back of the Buffel, or the vehicle that was there, and all they did, was they transferred the danger from themselves to the community. That is all they did and there was a duty for them not to transfer that danger. In accordance with this principle, which is little understood by Lieutenant Ras and even less understood by Major Van Eeden and I submit Captain Hermansen in his disposition of the nature of assault demonstrates a failure to understand that principle as well.

I would like this Committee in its findings to focus on this point, because it is not, surely, the last time that this problem will arise in the history of South Africa and it may be just as well to get clarity for the people and the peace officers of South Africa to understand what is going on here. (30)

It /...

It is a principle which has not been demonstrated to have been understood by anybody who should understand it here today.

Mr Pretorius, my learned friend, has made the point with regard again to the question of the prima facie evidence, placing the Battalion on its defence, on guard to explain its conduct. Here we have within the allegations of Ms Seally, contained in those declarations 100 injured people, 20 broken arms. Now during the evidence the Battalion was keen to try and explain this as, you know, Phola park is "mos" just a violent place and people are always attending Nataalspruit Hos- (10) pital for injuries occasioned by squabbles and faction fights. Let us presume that of those 100 a certain percentage can be ascribed to that cause. That would, even if a third or a half of those were written off as occasioned by some other cause, that would leave 50 injuries requiring medical attention on an overwhelming balance of probabilities and here we have the Battalion conceding in the face of those allegations, certain heavyhandedness.

That heavyhandedness is the only possible cause for those injuries and the Battalion might have tried to contain the (20) damage, as it were, against their name, I am making this admission, on order to prevent allegation of the allegation being dragged through the press of this country. Well, if they make that allegation, they must live with the fact that along with that allegation, or that concession, they must face multiple injuries being attended to in a hospital situation. There is only one inference this Committee can draw. They were caused by that heavyhandedness.

That then deals with the question of the evidence of a prima facie nature against the Battalion, it deals with the (30)

question /...

question of the conduct, the entry into the township that night, what the duties were, to comply with the doctrine of minimum violence. There was a duty to withdraw, a duty not to escalate the situation by drawing in another 45 heavily armed men and it deals with the duty, well, if there was a duty for them to withdraw, then the very entry of Lieutenant Ras was merely a transgression of that duty in the first instance and finally the inference which this Committee is obliged to come to in the face of the medical evidence and the probabilities that much of that evidence relates to that heavyhandedness, (10) that the submissions that I have made regarding my recommendations. Thank you.

CHAIRMAN: Thank you. Right. We have now come to the close of the argument. What is now going to happen, is that it is now incumbent upon the Committee to draft its report. Now only yesterday his honourable Mr Justice Goldstone was asking me as to when the report of this Committee on the SADF will be forthcoming and I gave an indication that in all probability that will happen some time next week. We will give it to him before he departs back to the appellate division in Bloemfontein, so that he may table it to the proper authorities. (20)

Now we are a little hamstrung in our efforts to compile this report, in the sense that Mr Tucker is presently in France and he will be proceeding to the US in the coming few weeks. He will be away for about three weeks, but he promised nevertheless, to keep in touch with us by means of that wonderful machine known as a fax from overseas, so that we should join our heads and be ad idem on the report we are going to issue.

For present purposes, then, this marks the conclusion on the SADF's doings in Phola Park. What I want us to do now, is (30)

to /...

to plan ahead on the outstanding incidents which we were dealing with and this of course does not need a record. Miss Baqwa wants to say something.

MISS BAQWA: All I really want to say, is to thank the parties for the very helpful and able arguments that have been presented. I, for one, will find them very useful in whatever contribution that I am going to make and I do not think, even though of course some accusations and counter accusations have been made, that we have done badly. I mean, the very fact that there has been consensus as we were going along, simply (10) indicates that we are ad idem that what we are about, is peace and all I want to say, is thank you very much for assisting us with the arguments.

CHAIRMAN: Thank you, Miss Baqwa, I was going to mention that in passing before we go off the record, that we are indebted, even in the absence of Mr Tucker, to the legal representatives of the different parties for their powerful arguments which they put before us. Without these arguments, it would not be possible for us to have the facts, or to reach a particular conclusion, which we are attempting to do here. We will look (20) into this, it is going to involve the speedy typing of today's record, so that by the time we draw this report, we should be having the full arguments before us. I therefore give a ruling that please, Miss Stenographer, see to it that we get the record in time, today's record in time. Thank you for that.

Mr Pretorius, I want to believe that this is the roll for today, is that not so?

MR PRETORIUS: That is correct.

THE COMMITTEE ADJOURNS UNTIL 1992-06-03.

Collection Number: AK2702

Goldstone Commission of Enquiry into PHOLA PARK Records 1992-1993

PUBLISHER:

Publisher:-Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:-Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.